Is Paulus 'n ervaringsteoloog?

George A. Lotter
Dept. Bybelkunde
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM

Abstract

Is Paul an experiential theologian?

The history of the apostle Paul as related in 2 Corinthians and the way in which he experienced the work of God (by the Holy Spirit) in his life is the focal point of this article. The phrase ἐν πνευματι ἁγιῳ in 2 Corinthians 6:6 is pivotal in an understanding of how Paul experienced not only the difficulties, but also the fact that God by his Holy Spirit, guided him through all these difficulties. These experiences were not limited to Paul alone, but he often involved other believers and illustrated by his example how the power of God could be experienced by them as well. This was done by example and not by Paul presenting himself as an archetype.

1. Inleiding

Die vraag of Paulus 'n ervaringsteoloog is, is besonder aktueel by die bestudering van die teologie in die negentigerjare, veral vanweë die invloed van die Postmodernisme (vgl. byvoorbeeld Fokkema & Bertens, 1986:42) waar subjektiwiteit besonder belangrik geag word. Dit wat binne die mens gebeur en sy belewing van dinge word dikwels die normatiewe. 'n Bolangse lees van wat die apostel Paulus skryf in byvoorbeeld 2 Korintiërs 2:4; 4:7-16; 6:10; 7:8-10; 11:16-29; 12:20 & 21 sou die indruk kon skep dat Paulus deur en deur 'n ervaringsteoloog is omdat hy soveel dinge aanhaak by wat hy *persoonlik* beleef het. Die feit dat Paulus homself dikwels op emosievolle wyse uitgedruk het en 'n besondere affektiewe persoon was (Edwards [1982:240] gee 'n lang lys teksverwysings van hierdie *affections* van Paulus), is oënskynlik genoeg rede om Paulus te beskou as 'n ervaringsteoloog. 'n Kort populêre definisie van 'n ervaringsteoloog sou die volgende kon wees: iemand wat sy eie teologiese en godsdienstige *ervaring* as vertrekpunt neem, dit normatief maak en vandaar sy teologie wil beoefen. So iemand se totale teologie sou dan draai om sy eie persoonlike ervaring van God. So 'n teoloog sou vanuit 'n sterk *subjektiwiteit* die teologie benader en beoefen (vgl. De Groot, 1992:32).

Veral die tweede brief van Paulus aan die Korintiërs is besonder persoonlik. Daar is onder die meeste kommentatore eenstemmigheid dat 'n mens hier te doen het met die *mees persoonlike brief* van die apostel Paulus (Coetzee, 1975:51; Vincent, s.a.:650; Bultmann, 1970:21; Wilson, 1973:12; Hodge, 1974:xxv; Hickling, 1975:287). In dié brief vind 'n mens die meeste inligting in die hele Corpus Paulinum wat die apostel self geskryf het oor sy vervolging, vrese, frustrasies, moeilikhede, teleurstellings en ander emosionele sake wat hom diep geraak het (vgl. byvoorbeeld 2 Korintiërs 4:7-11; 11:16-29). In 2 Korintiërs skryf Paulus nie alleen hoe sy lewe daar uitsien nie, maar ook hoe hy dit *belewe* (Munck, 1977:194). Holzner (1955:425) skryf die volgende aangaande Paulus in sy skrywe aan die Korintiërs: "Nooit kan een mens gemakkelijker en mooier spreken of schrijven, dan wanneer hij door een grote hartstocht wordt aangedreven en zijn ziel zich in blijdschap en liefde wijd openzet." Enkele reëls verder noem Holzner 2 Korintiërs Paulus se "hartstochtelijkste" brief.

Volgens Bruce (1977:275) het Titus se goeie nuus (2 Korintiërs 2:5-11) dat die Korintiërs die sondaar getugtig het, Paulus aangemoedig om sy hart oop te maak en uit te brei op al sy swaarkry.

Waar die eerste brief aan die Korintiërs hoofsaaklik handel oor die gemeente van Korinte se probleem, word die tweede Korintiërbrief gewy aan die probleme wat Paulus *self* ervaar (SB, 1984:1014).

Nou kan die gevaar ontstaan dat Paulus slegs op 'n menslik-emosionele vlak al hierdie swaarkry van hom na vore bring en op daardie vlak daarmee handel. Dit is egter nie die geval nie – soos hierdie artikel poog om aan te toon. Daarom ook is die titel van die artikel vraenderwys gestel: Is Paulus 'n ervaringsteoloog? Anders gestel: is hy iemand wat sy *eie ervaring* normatief stel en daarmee sy lesers wil wen?

2. Paulus se beskrywing van sy ervarings

Vir die verstaan van Paulus se ervaring is dit nodig om te gaan kyk na die breër konteks waarin die apostel al hierdie ervarings van hom opper en hoe hy in staat gestel is om dit te aanvaar en daardeur te gaan, sonder om in die geloof te verflou en sodat hy uiteindelik kon skryf dat hy die geloof behou het (2 Timoteus 4:7). Om daardie rede is 2 Korintiërs 6:6 uitermate belangrik en in besonder die frase ἐν πνευματι ἁγιῳ. Dit is besonder betekenisvol en rigtinggewend om te verstaan hoe en waarom Paulus sy eie persoonlike ervaring so duidelik tentoonstel, wat hy daarmee beoog en hoe hy dit in verband bring met die Heilige Gees.

3. Verwys πνευματι ἁγιῳ na die Heilige Gees?

'n Eksegetiese probleem wat egter vooraf kortliks die aandag moet geniet, is of πνευματι ἁγιῳ inderdaad verwys na die Heilige Gees of nie, aangesien daar uiteenlopende standpunte daaroor bestaan.

Alhoewel hier in 2 Korintiërs 6:6 'n vaste formule voorkom (πνευματι ἁγιῳ) wat by Paulus deurgaans na die Heilige Gees verwys, is daar ook skrywers (Barrett, 1973; Grosheide, 1959; Plummer, 1925; Bultmann, 1970) wat meen dit is nie die geval nie en dat die oorwig getuienis juis daarteen is. Barrett (1973:186 & 187) gee 'n volledige verklaring (deur onder andere gedeeltes uit die Corpus Paulinum te vergelyk) en bewys waarom hy glo dit is nie hier die Heilige Gees wat ter sprake is nie, maar 'n 'heilige gees' as etiese kwaliteit by die menslike gees. Derhalwe bevind Barrett (1973:186, 187) hom in dieselfde geselskap as Grosheide (1959:181) wat meen dat al die sake wat hier genoem word, betrekking het op wat Paulus ly of besit. Die vraag kan inderdaad gevra word of Paulus nie groter moeite sou gedoen het (in terme van ander verwysings in 2 Korintiërs) om die persoon/werk van die Heilige Gees uit te lig as wat dit hier gedoen is nie. Plummer (1925:196) stel dit skerp: "It is scarcely credible that St. Paul would place the Holy Spirit in a list of human virtues and in a subordinate place, neither first to lead, nor last to sum up all the rest." Indien met bogenoemde skrywers saamgestem word en veral as daar gelet word op die posisie van πνευματι ἁγιῳ binne die sin en breër verband (vgl. byvoorbeeld die "Tugendkatalog" van Bultmann [1970:172]), blyk dit dat hier nie na die Heilige Gees verwys word nie, maar eerder na die menslike gees.

Verskeie kommentatore meen tog dat daar iets van 'n verband is tussen die Heilige Gees en die 'heilige gees' van die gelowige (vgl. byvoorbeeld Denney, 1907:232; Grosheide, 1959:180; Best, 1987:61). Groenewald (1985:92) maak egter 'n keuse vir die 'Heilige Gees'. Daarom sê hy: "... prakties beteken dit dan tog dat die Heilige Gees die mens lei in sy denke, gevoele en wil".

Vir die doeleindes van hierdie artikel word aanvaar dat πνευματι ἁγιῳ in hierdie konteks inderdaad verwys na die Heilige Gees (van God) bo die ander moontlikhede soos: 'heilige gees' as etiese kwaliteit by die mens, of 'heilige gees' as iets wat die Heilige Gees gee (vgl. Lotter, 1993:93 e.v.).

4. Plasing van πνευματι ἁγιῳ

2 Korintiërs 6:6 staan binne die perikoop wat strek vanaf 5:11 – 6:11 met die opskrif: "Die bediening van die versoening" (NAV) – wat in ooreenstemming is met dié van Aland *et al.* (1983:630). In 2 Korintiërs 6:4 begin die apostel met 'n lys van alles wat met hom gebeur het en waaraan hy (en sy medewerkers) blootgestel was. Teenoor die meer 'negatiewe' belewenisse van verse 4 en 5

kom die meer 'positiewe' aspekte van vers 6 en 7. Verse 8 tot 10 spel weer die negatiewe en positiewe aspekte naas mekaar uit. Paulus noem dus eers sy nood en swaarkry en daarna die eienskappe en kwaliteite wat nodig is vir 'n bedienaar van God (vgl. in dié verband De Boor, 1972:150 & 151).

As 'n mens gaan kyk na die plasing van die uitdrukking ἐν πνευματι ἁγιῳ (6:6) binne die gedeelte 2 Korintiërs 6:4b-10, dan val dit vreemd op dat die gebruik van ἐν op 'n skynbaar gelyke vlak geplaas word as al die ander dinge wat hy hier (vooraf) noem: "... in reinheid, in kennis, in lankmoedigheid, in vriendelikheid, *in die Heilige Gees*, in ongeveinsde liefde ... (vers 6)". Wat egter, myns insiens, kompenseer vir die eienaardige volgorde, is weliswaar die *sentraliteit* van die frase.

Alhoewel die Heilige Gees genoem word in die sin waar die meer 'positiewe' aspekte na vore kom, is die werk van die Heilige Gees tog sentraal by alles wat met Paulus gebeur. Hierdie aanname word versterk en bevestig deur die *ligging* van die frase ἐν πνευματι ἁγιῳ. Van vers 4b tot die einde van vers 10 maak Paulus eers gebruik van die voorsetsel ἐν (verse 4b-7a); daarna volg die voorsetsel δια (7b-8a) en ten slotte die lidwoord van vergelyking ὡς (verse 8b-10). Dit blyk dat daar eers 14 keer met die voorsetsel ἐν begin word; dan volg die frase ἐν πνευματι ἁγιῳ en daarná volg altesaam dertien ander sake.

Dit blyk dus dat ἐν πνευματι ἁγιῳ presies in die middel staan van die hele 'lys' van al die fasette wat die apostel hier na vore bring en dat dit sodoende dui op die *sentraliteit* van die frase. Hierdie sentraliteit kom nie alleen *struktuurmatig* na vore nie, maar ook *inhoudelik*. Die gebruik van ἐν πνευματι ἁγιῳ is eintlik in 'n sekere sin die 'skarnier' waarom alles draai in hierdie lys van sake wat die apostel noem (vgl. byvoorbeeld Meyer, 1889:303; Filson, 1953:347; Hughes, 1961:229; Bruce, 1987:262; Wolff, 1989:141): sonder die Heilige Gees as gawe aan Paulus sou hy nie in staat gewees het om al die uitermate moeilike sake te hanteer nie. Die apostel kom met 'n besondere beskrywing van alles wat hy deurgemaak het deur sy opstapeling van sowel die swaarkry as die aangename dinge wat met hom gebeur het. In alles is egter die grondtoon dat dit geskied ἐν πνευματι ἁγιῳ. Die feit dat dit gebeur ἐν πνευματι ἁγιῳ is eintlik die rugsteun vir alles wat Paulus in hierdie gedeelte noem (vanaf 2 Korintiërs 6:4b-10).

Vroeër in 2 Korintiërs skryf Paulus oorvloediglik oor die werk van die Heilige Gees *in* die gelowiges (2 Korintiërs 1:21 & 22; 3:2, 3, 6, & 18; 5:5) en later in 2 Korintiërs (13:13) kom die trinitariese formule na vore: "Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sy met julle almal" (OAV). Hierdie werk van die Heilige Gees is egter

ook in Paulus gedoen en al die sake waarvan hy skryf, het eerstens met hom persoonlik gebeur:

- Die bevestiging, salwing en verseëling (2 Korintiërs 1:21 & 22).
- Die verandering van die hart, die maak van bedienaars van die nuwe verbond, die verandering na die εἰκονα van Christus (2 Korintiërs 3:2, 3, 6, 18).
- Die gee van die ἀρραβων (2 Korintiërs 1:22; 5:5).
- Die bewerk van die gemeenskap met God en met die medegelowiges (2 Korintiërs 13:13).

Waarop dit dus neerkom, is dat die apostel Paulus die werk van die Heilige Gees beskryf in 2 Korintiërs en daarmee aandui dat hy *self* ontvanger en deelhebber is van dit wat die Heilige Gees doen. In die woorde van Filson (1953:347): "The Holy Spirit means the consciousness of a grace that was not Paul's own, working in his heart, checking faults and calming fears, and producing every virtue he possessed." Paulus sou nie in staat gewees het om te doen wat hy gedoen het en om sy bediening uit te voer as dit nie was vir die Heilige Gees nie. De Boor (1972:151) stel dit baie duidehk: "Wie könnte er in der Fülle und Verschiedenheit der Anforderungen im Dienst stehen, wenn er nicht sagen könnte, er tue diesen Dienst '*im Heiligen Geist*'."

5. Die Heilige Gees as gawe

In die ontvang van die Heilige Gees word Paulus begiftig met 'n besondere gawe: die Heilige Gees self. Die Heilige Gees is nie net één van die gawes nie, maar *dié eintlike gawe* wat aan Paulus en die gelowiges gegee is en deur wie die ander gawes moontlik gemaak word. Die Heilige Gees as gawe is onafskeidbaar van "... the gifts and graces He imparts" (Hughes, 1961:228).

Wenham (1980:81) som hierdie onafskeidbaarheid soos volg op: "To be in Christ means having the Holy Spirit and his immeasurably great POWER at work in one's life ...". Deurdat Paulus die Heilige Gees ontvang, ontvang hy daarmee saam ook die ander gawes en vermoëns wat beskryf word in vers 6 (reinheid, kennis, lankmoedigheid, vriendelikheid, ongeveinsde liefde [OAV]). Hier kan ook verwys word na die vrug van die Gees in Galasiërs 5:22 wat die resultaat is van lewe deur die Gees (ζωμεν πνευματι; Galasiërs 5:25) wat gawes is wat *alle* gelowiges ontvang. Volgens Hendriksen (1974:223) is in Galasiërs 5 nie sprake van buitengewone en tydelike manifestasies van die Heilige Gees se krag of spesiale gawes (soos in 1 Korintiërs 12) nie, maar "... endowments bestowed upon *all those who love the Lord*" (kursivering deur GL – vergelyk ook 'n gelykluidende uitspraak deur Ridderbos [1954:207]).

Selfs al beleef die apostel dinge wat albei kante van die spektrum (positief én negatief) feitlik gelyk vertoon (verse 8-10), is hy in staat om ook dít te verdra wat skynbaar negatief is omdat hy dit doen ἐν πνευματι ἁγιῳ. Hierdie feit, naamlik dat die Heilige Gees by en in Paulus is, in sy swaarkry én sy vreugdes asook in die geheel van sy roeping as gelowige hier op aarde ἐν λογιῳ ἀληθειας, ἐν δυναμει θεου het besondere implikasies vir hom. Dit sou gevolglik beteken dat hy aan die een kant die leiding en onderskraging van die Gees het, maar aan die ander kant ook bereid moet wees om te ly ter wille van Jesus Christus. Kruse (1991:132) bring hierdie faset baie duidelik na vore:

> It may seem strange that Paul should appeal to such hardships to commend his ministry. But underlying the appeal is the recognition that the true servant of God is the Suffering Servant, and that he who is the loyal follower of Christ will share his fate: 'A disciple is not above his teacher, nor a servant above his master'.

Al hierdie aspekte wat vroeër insake Paulus genoem is, kan net so van toepassing gemaak word op die gelowiges en sal verder behandel word in punt 6.

Die Heilige Gees as gawe in Paulus se lewe stel hom gevolglik in staat om sowel die swaarkry (vgl. die 'negatiewe') as die vreugdes (vgl. die 'positiewe') te hanteer. Hierdie gawe is volgens Schweizer (1973:427) die "... miraculous power of God which gives man completely separated from God the possibility of consciously and affirmatively living by this power which is not his own".

Paulus ontvang die Heilige Gees as gawe van God, maar daarmee saam ook die ander gawes wat hy nodig het om in die alledaagse lewe sy roeping te kan vervul. Wat God in Christus vir Paulus (en alle gelowiges) gedoen het, kan alleen plaasvind waar die Heilige Gees in die gelowiges inwoon en hulle lei. Dit is derhalwe verstaanbaar dat Paulus hierdie sake wat baie diep binne-in hom lê, na vore sal bring in die brief. Paulus koppel dit egter ook en eerstens aan die werk van die Heilige Gees *in* hom. Hy sou nooit op sy eie al die dinge kon hanteer as hy nie daarin die leiding van die Heilige Gees gehad het nie. Hierdie toestand word baie duidelik beskryf deur Walters (1975:534):

> Man is alert to the personal operations of the Spirit striving with him, convincing, transforming, constraining, guarding, with gentle warning against quenching or grieving Him and with dread injunction against blaspheming Him. Man is therefore to know that the personal, moral-spiritual results in him cannot be produced by One less than personal and that true enhancement of personality can be realized only by confrontment with the Spirit in whom the I AM encounters man.

Die korrekte verstaan van die apostel se optrede lê daarin dat die Heilige Gees *toepassend* die verlossing van Jesus Christus in hom *uitwerk* (vgl. Jonker, 1989:296).

Hierdie aksie van die Heilige Gees het onder andere tot gevolg dat Paulus dan nou ook baie delikate dinge met die Korintiërs bespreek – sake soos byvoorbeeld die kollekte vir die arm gelowiges (2 Korintiërs 8 & 9). Daar is ook ander resultate, nie net vir Paulus nie, maar ook vir dié wat saam met Paulus gearbei het. Volgens Du Toit (1971:57) "... sou ἐν πνευματι (dus) kon aandui dat die Heilige Gees vir Paulus en sy medewerkers *begelei* het en hulle gees gevolglik so ingestel het dat hulle die regte gesindheid teenoor die gemeente gehad het" (kursivering deur GL).

'n Ander faset wat baie duidelik deur Wilson (1973:79) na vore gebring word, is die feit dat die ongeveinsde liefde (ἀγαπη ἀνυποκριτῳ) in noue verband staan met die Heilige Gees se werk – nie net vanweë die feit dat dit direk aan mekaar gekoppel is in die sin nie, maar ook vanweë inhoudelike redes. Hier sou goedskiks (soos vroeër ook gemeld) verwys kan word na Galasiërs 5:22 waar die eerste element by die beskrywing van die vrug van die Gees inderdaad die liefde is. Die Heilige Gees dra ook die liefde van God *in* die gelowiges *in* en stel hulle in staat om op hulle beurt liefde te betoon en uit te leef (vgl. ook Romeine 5:5). Paulus sou dus ἐν πνευματι ἁγιῳ ook daardie ongeveinsde liefde (ἀγαπη ἀνυποκριτῳ) hê. In terme van die verduideliking vroeër sou dit ook beteken dat die gelowiges daardie selfde liefde sal hê. Die gebruik van ἐν ἀγαπη ἀνυποκριυτῳ so direk aangrensend by ἐν πνευματι ἁγιῳ plaas besondere klem op die liefde as dié belangrikste werking van die Heilige Gees.

Ten slotte moet (met betrekking tot Paulus self) gekyk word na die resultaat van die werk van die Heilige Gees in hóm, voordat 'n verdere aspek ondersoek word, naamlik: kan dit wat met Paulus gebeur het en die gawe wat hy ontvang het, ook toepaslik wees op ander gelowiges? Die uitdrukking ἐν πνευματι ἁγιῳ is uiters belangrik vir die verstaan van die vraag. Volgens Du Toit (1971:58) gaan die uitdrukking ἐν πνευματι "... om die feit dat die Gees die *medium* is waardeur Christus sy heilswerk in die gemeente toepas en as Κυριος sy gemeente regeer". Hy dui verder aan dat die Heilige Gees daarvolgens die heil *toepas* (Du Toit, 1971:60). Dit wat *heilshistories* deur Jesus Christus gedoen is, word *heilsordelik* deur die Heilige Gees geïnkorporeer en toegepas (König, 1980:92; Floor, 1988:378). Dit wat *heilstoeseggend* aan Paulus gegee is deur God, word in hom deur die *heilstoeëienende* werk van die Heilige Gees prakties gemaak in sy lewe. Die belangrikheid van 2 Korintiërs 6:6 lê dus daarin dat die apostel veral hier aandui hoedat die *heilshistoriese* werk van Jesus Christus *heilsordelik* uitgewerk word in sy lewe self (vgl. Lotter, 1993:134).

6. Paulus as voorbeeld vir die gelowiges

Paulus toon derhalwe proefondervindelik in 2 Korintiërs 6:6 aan wat dit is om deur die Heilige Gees gedra en gelei te word deur allerlei omstandighede. Sy ervarings is *rigtinggewend*, maar nie *normatief* nie. Daarmee saam dui hy ook aan watter eienskappe nodig is vir die gelowige. Paulus is dus op verskeie maniere 'n voorbeeld vir die gelowiges:

> Paul's presenting of Christ by means of his own fortunes and sufferings as well as his preaching certainly meant more to his churches than anything else. His fate was not, however to be thought of as exceptional, but as *exemplifying* what being a Christian meant: dying and rising with Christ (Bornkamm, 1980:172; kursivering deur GL).

Daardie eienskappe word aan Paulus en alle gelowiges gegee deur God wat onder sy volk woon deur die Gees (2 Korintiërs 6:16). Hierdie eienskappe word gedefmieer deur "inwoning van die Gees" (vgl. Romeine 8:9; 1 Korintiërs 3:16 [ὀικει = praesens indikatief, beskrywende praesens] en 2 Timoteus 1:14 [ἐνοικουντος = praesens participium]). Volgens Schweizer (1973:436) is dit duidelik dat "... Paul thinks wholly in terms of the work of the Spirit of God and perceives that the whole existence of the believer is determined thereby". Schweizer verwys ook verder na die πνευμα "... though always God's Spirit and never evaporating into the πνευμα given individually to man, is also the innermost ego of the one who no longer lives by his own being but by God's being for him".

Aangesien vroeër reeds aangetoon is dat Paulus in baie opsigte 'n voorbeeld vir die gelowiges is, kan die afleiding hier ook gemaak word dat dit vir die gelowiges ook beteken dat hulle in hulle alledaagse lewe *nie sonder die Heilige Gees kan voortgaan nie* en sonder die Heilige Gees nie kan oorwin nie: "Undoubtedly Paul would have subscribed to the view that the Christian life can be a life of victory, if only we will recognize and appropriate the Spirit's power" (Wenham, 1980:81).

7. Die rol van die Heilige Gees in Paulus se lewe

2 Korintiërs 6:6 is in sekere opsigte die *locus classicus* oor Wie die Heilige Gees in Paulus se eie lewe is en wat Hy doen. In hierdie vers word gehandel oor die empiriese, dit wat die apostel *self* ervaar het. Wat Paulus in 2 Korintiërs geskryf het, word gesubstansieer deur wat self met hom gebeur en hy beleef het. Munck (1977:194) vat dit kortliks saam: "Paul not only *told* of the true apostle's life; he *lived* it too" (kursivering deur GL). Paulus is derhalwe met betrekking tot die belewing én beskrywing van wat hy deurloop het, gelei deur die Heilige Gees; daarom is hy 'n *lewende getuie* (bewys) en voorbeeld

dat die Heilige Gees ook in gelowiges werk en 'n bewys van watter verreikende resultate dit het. Dit gaan veral daarom dat die apostel in die eerste plek die Heilige Gees self *ervaar* het: "Spirit for Paul is essentially *an experiential concept*: by that I mean a concept whose content and significance is determined to a decisive degree by his experience" (Dunn, 1978:200).

Sy hele lewe is 'n gloeiende getuienis van hoe die Heilige Gees iemand se lewe (*van binne uit*, vergelyk 2 Korintiërs 3) verander en aan hom besondere dryfkrag gee, die moed om aan te gaan met watter taak ook al op sy pad kom en met hom gebeur. In die woorde van Grassi (1978:33): "The Spirit of Christ was his [Paul's – GL] own Spirit and gave him a new principle of activity, life, energy, in the place of his previous trust in his own achievements and will power." Dit gaan daarom in die eerste plek om die apostel se *persoonlike lewe* wat spesifiek deur die Heilige Gees gelei en beheer is. Daardie eienskappe en kwaliteite wat nodig was in daardie swaarkry, hét Paulus gehad omdat die Heilige Gees dit in hom gewerk en laat ontwikkel het: "The mention of the Holy Spirit in a list of virtues is striking: it is by the Spirit that these virtues are fostered, and they are the evidence of his indwelling presence" (Bruce, 1987:213).

Paulus se *apostelskap* kon ook slegs seënryk uitgevoer word deur die krag van die Heilige Gees in sy lewe (White, 1962:204). Volgens die verklaring van Kruse (1991:132) by 2 Korintiërs 6:6 gaan dit in besonder om "... the dynamic of Paul's ministry *derived* from the Spirit" (kursivering deur GL). In 2 Korintiërs word lang gedeeltes gewy aan sy apostelskap en die verdediging van sy apostelskap (vgl. byvoorbeeld 2 Korintiërs 10). Telkens gaan Paulus se beskrywing van sy apostelskap gepaard met 'n breedvoerige vertelling van hulle (Paulus en die ander apostels se) ontberinge (vgl. hier byvoorbeeld 2 Korintiërs 4:7-11; 11:16-29).

In sekere opsigte is 2 Korintiërs eintlik 'n 'gevallestudie' uit die praktiese lewe van *wat* en *hoe* die Heilige Gees gewerk het in Paulus se lewe – 'n gevallestudie wat as voorbeeld kan dien van hoe die Heilige Gees werk *in* gelowiges se lewens.

8. Gevolgtrekking

Die vraag wat aan die begin van die artikel gestel is, naamlik of Paulus 'n ervaringsteoloog is, moet negatief beantwoord word. Alhoewel hy vrylik oor sy ervarings praat, is dit nie die eintlike saak waaroor dit vir Paulus gaan nie. Hy is nie daarin geïnteresseerd om sy eie ervarings as die norm te stel van *hoe gelowiges behoort* op te tree en dinge te ervaar nie. Vir die apostel Paulus gaan dit om die leiding van die Heilige Gees binne sy ervarings, sodat wat met hom gebeur het en hoe hy daarop reageer, alles gelei word deur die Heilige Gees. Sy

ervarings staan dus nie voorop nie, maar die leiding van die Heilige Gees. Paulus se ervarings kan hoogstens as *voorbeeld* dien van hoe die Heilige Gees inderdaad in (ander) gelowiges se lewens kan werk. Hy is nie 'n argetipe van hoe gelowiges moet optree nie.

Bibliografie

ALAND, K., BLACK, M., MARTINI, C.M., METZGER, B.M., & WIKGREN, A., *eds*. 1983. The Greek New Testament. 3rd ed. (Corrected.) Stuttgart : United Bible Societies.

BARRETT, C.K. 1973. A Commentary on the Second Epistle to the Corinthians. London : Black. 354 p.

BEST, E. 1987. Second Corinthians. Atlanta : John Knox Press. (Interpretation: a Bible commentary for teaching and preaching.) 142 p.

BORNKAMM, G. 1980. Paul. London : Hodder and Stoughton. 259 p.

BRUCE, F.F. 1977. Paul. Apostle of the Free Spirit. Exeter : Paternoster Press. 510 p.

BRUCE, F.F. 1987. I & II Corinthians. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans. (The new century Bible commentary.) 262 p.

BULTMANN, R. 1970. Der zweite Brief an die Korinther. Göttingen : Vandenhoeck & Ruprecht. (Meyers kritisch-Exegetischer Kommentar über das Neue Testament.) 270 p.

BYBEL. 1933. Die Bybel: dit is die ganse Heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en Nuwe Testament bevat. Kaapstad : Britse en Buitelandse Bybelgenootskap. (Aangedui in die teks as OAV.)

BYBEL. 1983. Die Bybel: nuwe vertaling. Kaapstad : Bybelgenootskap van Suid-Afrika. (Aangedui in die teks as NAV.)

BYBEL. 1984. New International Version: Disciple's Study Bible. Nashville : Holman Bible Publishers. (Aangedui in die teks as SB.)

COETZEE, J.C. 1975. Die blye boodskap: gids deur die boeke van die Nuwe Testament. Deel 1. Die briewe van Paulus. Potchefstroom : Wesvalia. 110 p.

DE BOOR, W. 1972. Der zweite Brief des Paulus an die Korinther. Wuppertal : Brockhaus Verlag. (Wuppertal Studienbibel.) 261 p.

DE GROOT, C.G. 1992. P.J. Spener & A.H. Francke: grondleggers van die Duitse Piëtisme. Potchefstroom : Instituut vir Reformatoriese studie. (Reeks F2, no. 55.)

DENNEY, J. 1907. The Second Epistle to the Corinthians. London : Hodder & Stoughton. 387 p.

DU TOIT, A.B. 1971. Die formule *en Pneumati* by Paulus. *Neotestamentica*, 3:52-60.

DUNN, J.D.G. 1978. Jesus and the Spirit. London : SCM. 515 p.

EDWARDS, J. 1982. A Treatise of Religious Affection. Grand Rapids : Baker Book House. 359 p.

FILSON, F.V. 1953. II Corinthians. (*In* The Interpreters Bible, 10:273–275.)

FLOOR, L. 1988. De relatiewe zelfstandigheid van de Heilige Geest. *Koers*, 53(3):375-405.

FOKKEMA, D. & BERTENS, H., *eds*. 1986. Approaching Postmodernism. Papers presented at a Workshop on Postmodernism, held on 21-23 Sept. 1984 at the University of Utrecht. Amsterdam : John Benjamins.

GRASSI, J.A. 1978. The Secret of Paul the Apostle. Maryknoll, N.Y. : Orbis Books. 170 p.

GROENEWALD, E.P. 1985. Die tweede Brief aan die Korinthiërs. Kaapstad : N.G. Kerk-uitgewers. 183 p.

GROSHEIDE, F.W. 1959. De tweede brief aan de kerk te Korinthe. Kampen : Kok. (Commentaar op het Nieuwe Testament.) 384 p.

HENDRIKSEN, W. 1974. Galatians. Edinburgh : The Banner of Truth Trust. (New Testament Commentary.) 260 p.

HICKLING, C.J.A. 1975. The Sequence of Thought in II Corinthians, Chapter Three. *New Testament Studies*, 21:380-395.

HODGE, C. 1974. A Commentary on 1 & 2 Corinthians. Edinburgh : The Banner of Truth Trust. 690 p.

HOLZNER, J. 1955. Paulus. Antwerpen : Uitgeverij 't Groeit. 608 p.

HUGHES, P.E. 1961. Paul's Second Epistle to the Corinthians. London : Marshall, Morgan & Scott. (The New London Commentary on the New Testament.) 508 p.

JONKER, W.D. 1989. Die eie-aard van die gereformeerde spiritualiteit. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 3(3):288-299, Julie.

KEULERS, J. 1953. De boeken van het Nieuwe Testament. Roermond : Romen. 536 p.

KÖNIG, A. 1980. Jesus die laaste. Pretoria : NG Kerkboekhandel. 334 p.

KRUSE, C.G. 1991. The Second Epistle of Paul to the Corinthians. Grand Rapids, Mi. : Eerdmans. 224 p.

LOTTER, G.A. 1993. Die werk van die Heilige Gees in die gelowiges volgens 2 Korintiërs. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif-Th.D.) 164 p.

MEYER, H.A.W. 1889. The Epistles to the Corinthians (Vol. ii). Edinburgh : T. & T. Clark. (Critical and exegetical commentary on the New Testament.) 514 p.

MUNCK, J. 1977. Paul and the Salvation of Mankind. London : SCM. 351 p.

NAV vergelyk BYBEL, 1983.

OAV vergelyk BYBEL, 1933.

PLUMMER, A. 1925. A Critical and Exegetical Commentary on the Second Epistle to the Corinthians. Edinburgh : T. & T. Clark. (The International Critical Commentary.) 404 p.

RIDDERBOS, H.N. 1954. The Epistle of Paul to the Churches of Galatia. London : Marshall, Morgan & Scott, Ltd. (The New London Commentary on the New Testament.) 238 p.

SB vergelyk BYBEL, 1984.

SCHWEIZER, E. 1973. ΠΝΕΥΜΑ. (*In* Theological Dictionary of the New Testament, 4:332-455.)

VINCENT, M.R. 1946. Word Studies in the New Testament (vol 2). Virginia : McLean. 1222 p.

WALTERS, G. 1975. Holy Spirit. (*In* The New Bible Dictionary. London : Intervarsity Press. p. 531-534.)

WENHAM, D. 1980. The Christian Life: a Life of Tension? (*In* Hagner, D.A. & Harris, M.J. *eds.* Pauline Studies: Essays Presented to Professor F.F. Bruce on his 70th birthday. Devon : Paternoster Press. p. 80-94.)

WHITE, R.E.O. 1962. Apostle Extraordinary: a Modern Portrait of St. Paul. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans. 209 p.

WILSON, G.B. 1973. 2 Corinthians: a Digest of Reformed Content. Edinburgh : The Banner of Truth Trust. 173 p.

WOLFF, C. 1989. Der zweite Brief des Paulus an die Korinther. Berlin : Evangelische Verlag. 269 p. (Theologischer Handkommentar zum Neuen Testament.)